



NEDERDUIITSE GEREFORMEERDE KERK DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA

Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380

algemesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

28 November 2013

VERKLARING: VERSOENENDE GESPREK OOR KERKBODE SE ONTTREKING BY WOORDFEES 2013

1. 'n Gesprek oor *Kerkbode* se onttrekking van sy borgskap aan Woordfees 2013 en die onverkwiklike verwickelinge daarna het op uitnodiging van die Moderatuur van die Algemene Sinode op 19 November 2013 in Pretoria plaasgevind. Die doel van die ontmoeting was om in 'n veilige ruimte na mekaar te luister, die oorsake vir die probleem in die oog te kyk en versoening na te streef. Prof. Nelus Niemandt, dr. Kobus Gerber, dr. Johann Ernst, ds. Danie Mouton, dr. Pieter Fourie, dr. Zander van der Westhuizen, me. Adri-Louise van Renen-Fourie, dr. Barend Vos en dr. Danie Nel was die gespreksgenote.
2. Die gesprek is deur almal as openhartig, opbouend, konstruktief en veilig beleef.
3. Dit is vir ons duidelik dat daar verskillende interpretasies was oor sake soos die Tydskriftemaatskappy-direksie se verklaring oor die onttrekking van die borgskap van die Woordfees, prosedures, die rol wat Kerkbode moet speel en die teologie wat dit wil nastreef. Ons is jammer oor die manier waarop die onderskeie interpretasies hanteer is en die pyn wat dit op talle terreine en vir talle individue veroorsaak het. Ons bevestig dat geeneen van die gespreksgenote die bedoeling gehad het om die goeie naam van die maatskappy te skaad of enige persoon te benadeel nie.
4. Ons is intens bewus van die leed wat talle mense ervaar het en dra ons innige spyt en meegevoel oor aan elkeen wat pyn ervaar en skade gely het. Ons wil graag met hulle in gesprek tree om te kyk hoe daar tot hulle heling bygedra kan word. Daardeur wil ons enige misverstande help opklaar en verdere vervreemding teenwerk.
5. Ons het met diepe ontsteltenis kennis geneem van die venyn in die bespreking van die saak in die sosiale media en is besorg oor die leed wat dit veroorsaak. Ons versoek dat die venyn gestaak word omdat dit die misverstande wat die leed veroorsaak, bly voed en nie tot eer van Christus en sy kerk is nie.
6. Aangesien voldoende konsensus betreffende die primêre oorsake van die konflik bereik is, meen die gespreksgenote dat verdere ondersoek in hierdie verband nie nodig is nie.
7. Ons het saam aan die voete van die Here gaan sit en sy aanraking beleef. Ons gebed is dat die vrug van die gesprek sal uitkring en 'n proses van heling en versoening teweeg sal bring. Ons diens aan ons Here is te kosbaar om deur insidente soos hierdie verhinder te word.

Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris: NG Kerk